Nuusbrief vir 24 Oktober 2019

Hoërskool Swartland

NUUS

Matriek eindeksamen gaan altyd voort

24 Oktober 2019

Ons vestig u aandag daarop dat ons matrieks se eindeksamen te alle tye voortgaan volgens die vasgestelde rooster, ongeag enige gerugte of tekens van opstande, optogte of betogings van watter aard, en in watter area ookal. Hierdie tipe ontwrigting moet eenvoudig bestuur word. Die eksamenreëlings kan nie verander word nie. As uitweg kan ouers reël vir alternatiewe oorslaapreëlings of in uiterste gevalle die skool skakel en reël vir enkele oorslaapgeleenthede in die koshuise. In laasgenoemde gevalle kan leerders oorslaap met eie beddegoed, maar ouers sal self etes moet voorsien / inpak. Ons koshuise het nie die finansies om onbeperk etes te voorsien nie. Skakel gerus die skool indien u enige hulp of verdere inligting verlang.

Korrels en Kaf skoolkoerant

24 Oktober 2019

Die skakel ("link") wat u kan gebruik om die nuwe Korrels en Kaf skoolkoerant te kan besigtig, is:
https://korrelsenkaf.edublogs.org
U kan gerus gaan kyk - daar is pragtige artikels wat baie werk en moeite gekos het om dit te laat realiseer.

Prysuitdeling foto's

24 Oktober 2019

Die proewe van die foto's wat tydens die prysuitdeling geneem is, is by mev De Klerk in haar kantoor. Leerders en/of ouers kan dit kom besigtig en bestel. U skryf bloot die nommer van die foto, die kind se naam en graad voorop 'n koevert, en sit die korrekte bedrag geld in die koevert. U handig dit weer by mev De Klerk in. Kostes is as volg: Jumbo (±16cm x 11cm) - R15 elk, A5 vergrotings - R25 elk, A4 vergrotings - R40 elk. Die sluitingsdatum vir hierdie bestellings is 17 November 2019.

Skryfbehoeftes vir 2020

24 Oktober 2019

Die skryfbehoeftelyste vir 2020 is onder Bronne / "Resources" op hierdie Communicator program.

Handboekbestellings

24 Oktober 2019

Plaas asb die bestelling met die regte bedrag kontant in 'n toegeplakte koevert met die leerder se naam en u as ouer se kontakbesonderhede voor op die koevert OF heg die bewys van betaling aan die bestelling vas en bring dit na ons finanskantoor.
Let asseblief daarop dat u nie by die skool EN by Books 24/7 kan bestel nie - dan is dit 'n duplisering en gaan daar dubbele pakkies opgemaak word!

Indien u 'n bewys van betaling van die handboeke wil hê, moet u die bewys van u elektroniese betaling uitdruk as bewys. 'n Afskrif hiervan word dan saam met die bestelvorm ingegee. Indien u direk in die bank deponeer, kan u 'n afskrif van daardie depositostrokie saam met die bestelvorm ingee. As u kontant skool toe stuur, kan ons egter nie 'n kwitansie gee nie, want dit gaan direk aan Books24/7.

A+Educentre studiekursus

24 Oktober 2019

Komende Saterdag 26 Oktober word daar 'n omvattende studiekursus by die A+Educentre aangebied. Die volgende aspekte word hanteer: Studiestappe, Identifisering van studiestyle, studiemetodes, studie-omgewing, tydsbeplanning, dieet, streshantering en studiehulpmiddels. Vir meer inligting en die kostes daaraan verbonde, rig 'n e-pos aan info@apluseducentre.com of die webtuiste besoek by: www.apluseducentre.com

Hokkie afsluiting en 'six-a-side' finaal

24 Oktober 2019

Ons bied op Woensdag 30 Oktober die 'six-a-side' finaal, saam met die jaarlikse hokkie-afsluiting aan. Ons nooi graag alle leerders, ouers, afrigters en onderwysers wat hierdie jaar by die skool se hokkie betrokke was, uit na die geleentheid. Dit sal om 18:00 begin met 'n 'six-a-side' wedstryd tussen leerders wat nie aan die afgelope toernooi deelgeneem het nie. Daarna sal die spanne wat wel deelgeneem het uitspeel vir finale plekke, waarna die prysuitdeling sal plaasvind.
Daar sal burgers teen R30 elk op bestelling te koop aangebied word en die snoepie sal ook oop wees. Elke leerder wat aan die toernooi deelgeneem het, sal 'n gratis burger en koeldrank ontvang. Bestellings (en betalings) vir die burgers moet mnr Lourens by die sportkantoor teen Vrydag 25 Oktober bereik.

Atletiek Bredasdorp Top 10

24 Oktober 2019

Tien atlete het op 19 Oktober aan die Top 10-byeenkoms te Hoërskool Bredasdorp deelgeneem. Die volgende atlete is medaljewenners:
Kristin van der Ross, D15, 1e plek in 200m, 90m hekkies sowel as 300m hekkies;
Inge von Wielligh, D17, 1e plek in diskusgooi;
Dezré Goosen, D15, 1e plek in diskusgooi;
Selma du Preez, D17, 2e plek in beide 800m en 1500m;
Dillon Oppelt, S17, 2e plek in 110m hekkies.
Baie geluk aan hierdie atlete en baie dankie aan mevv A Hansen, C Blom en mnr M de Jager wat die leerders vergesel het.

Atletiek prestasies

24 Oktober 2019

Ag van ons atlete het op 12 Oktober aan die Top 10-byeenkoms te George deelgeneem. 'n Totaal van 25 skole het deelgeneem. Die volgende atlete was medaljewenners op die dag:
Kristin van der Ross, D15, 3e plek in 200m en 300m hekkies; 4e plek in 90m hekkies;
Inge von Wielligh, D17, 2e plek in diskus;
Selma du Preez, D16, 3e plek in 800m en 1500m;
Die volgende atlete het ook goed presteer:
Lize-Mari Steyn, D16, 6e plek in gewigstoot;
Marissa Cotter, D16, 5e plek in 400m;
FC Eygelaar, S16, 5e plek in 1500m;
Coan Chinner, S16, 9e plek in 400m.
Baie geluk aan hierdie atlete, en baie dankie aan mev A Hansen en mnre A Nel en J von Wielligh wat hulle vergesel het.

WOW spelkompetisie prestasie

24 Oktober 2019

Talita Engelbrecht, graad 8, het in die WOW spelkompetisie by die English First Additional Language afdeling 'n uitstekende vierde plek in die Nasionale rondte behaal. Baie geluk, Talita!

Karate prestasies

24 Oktober 2019

Die volgende leerders het hul Weskus streekskleure in karate verwerf:
Emma Wynjeterp, CJ van Rensburg, Sergio Arendse, Masithembe Ndaba, Nadia Swarts, Anja Styger, Nina Janse van Rensburg en Fagan Thompson. Baie geluk aan hierdie leerders!

Krieket O/19 en O/15 uitslae

24 Oktober 2019

O/19 vs Charlie Hofmeyr:
Charlie Hofmeyr kolf eerste en teken 79 lopies aan, almal uit. Emile Juries neem 3 paaltjies. Swartland behaal die 80 lopies met slegs 1 paaltjie plat. AW Steyn teken 49 lopies aan, nie uit nie. Swartland wen gemaklik met 9 paaltjies.
O/15 vs Piketberg:
Piketberg Hoërskool kolf eerste en word uitgehaal vir 89 lopies. André Beukes neem 5 paaltjies. Swartland behaal die 90 lopies met 3 paaltjies plat. André Beukes teken 32 lopies aan, nie uit nie. Swartland wen gemaklik met 7 paaltjies.
Baie geluk, julle ouens!

Hokkie voorseisoen oefenprogram

24 Oktober 2019

Sien die hokkie voorseisoen oefenprogram onder Bronne / "Resources" op hierdie communicator.

CPUT aansoeke

24 Oktober 2019

Aansoeke vir studiekursusse vir 2020 by CPUT sluit 31 Oktober 2019. Vir enige inligting rakende die kursusse wat aangebied word, kontak die instansie by: info@cput.ac.za of besoek die webtuiste by: www.cput.ac.za

Gebedsaksie

24 Oktober 2019

Daar is 'n groepie mense wat op gereelde basis bymekaarkom en vir ons dorp se skole bid. Dis op Dinsdae 08:00-09:00. Vir enige verdere navrae kan Anina by 0828204525 geskakel word.

Begroting goedgekeur vir 2020

24 Oktober 2019

Op ons jaarlikse begrotingsvergadering met ons ouers wat op 7 Oktober plaasgevind het, is die volgende skoolfonds en resolusies bevestig en goedgekeur:
Skoolfonds van R17 900 per jaar per leerder. Dit word eenmalig vooruit gehef en is vooruitbetaalbaar.
U kan op drie maniere betaal:
R17 000 voor 28 Februarie 2020, OF R4 475 binne die eerste 14 dae van elke kwartaal, OF R1 790 per maand oor 10 maande met die laaste paaiement vóór 30 November 2020.
Alle nié-betalers tot en met die 31 Maart 2020-rekonsiliasie word outomaties vir invordering aan ons prokureurs oorhandig.
Alle rekeninge wat vir 60 dae en langer dormant en onbetaald is, word outomaties vir invordering aan ons prokureurs oorhandig.
Let wel- spesiale betaalreëlings mag slegs deur beheerliggaam (skriftelik) goedgekeur word.

Koshuislosies vir 2020

24 Oktober 2019

Op die begrotingsvergadering met ons ouers op 7 Oktober is die volgende koshuislosies en resolusies vir 2020 bevestig en goedgekeur:
Losies: R30 100 per jaar per kind - vooruitbetaalbaar op drie maniere:
Eenmalig vir die jaar voor die einde van die eerste kwartaal, naamlik 31 Maart 2020; OF
R7 525 per kwartaal binne die eerste twee weke van elke kwartaal; OF
R3 010 per maand oor 10 maande, voor die 25ste van elke maand, met die laaste betaling vóór 30 November 2020.
Oorhandiging aan prokureurs van 'n kwartaal agterstallige rekening en uitsetting van sodanige kosganger uit die koshuis vanaf die daaropvolgende kwartaal. Die ouer bly aanspreeklik vir agterstallige losies, al is die leerder in so 'n geval uit die koshuis uit.

Baie dankie aan al ons ouers wat die vergadering bygewoon het.

Skoolfonds, koshuislosies en busgeld: 2019

24 Oktober 2019

Die volgende tariewe is vir 2019 goedgekeur:
Skoolfonds: R16 300 per jaar per leerder.
Koshuislosies: R27 700 per jaar per leerder. Geen subsidie of afslag is op koshuislosies van toepassing nie.
Busvervoergeld bly tans onveranderd op R8000 per jaar per leerder vir die vol roete. Enige verandering sal aan die betrokke ouers deurgegee word.

Skool, koshuise, bus, rekening nommers

24 Oktober 2019

Skoolfonds: (Navrae: Mev P van der Westhuijzen)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland, NEDBANK Malmesbury,takkode 154605, rekeningnommer 103 982 7438
Koshuislosies vir dogters: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Zyl, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 1311
Koshuislosies vir seuns: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Imhoff, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 0463
Busvervoer na en van Riebeek: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland busdiens, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 982 9058
By die verwysing moet u asb u kind se leerdernommer (skoolfonds) OF naam en van volledig intik.

KALENDER vir 24 Oktober 2019 - 31 Oktober 2019

24th Oktober 2019
Swem te Bridgehouse

24th Oktober 2019
Jeugskou

25th Oktober 2019
Reünie van 1969 matrieks
FSS
19:00 - vingerete in FSS

25th Oktober 2019
Ons matrieks skryf Wiskunde en Wisk Geletterdheid V1
09:00

26th Oktober 2019
Krieket O/15 vs Dirkie Uys

26th Oktober 2019
Krieket O/19A vs Fairmont

26th Oktober 2019
Reünie van 1969 matrieks
FSS
Sa. ogg 09:00 - stap deur die skool
10:00 - Tee en verversings in FSS
18:00 - funksie in FSS

28th Oktober 2019
Finanskomitee vergader 18:00

28th Oktober 2019
Ons matrieks skryf Wiskunde en Wisk Geletterdheid V2
09:00

29th Oktober 2019
Ons matrieks skryf Geskiedenis V1
09:00

29th Oktober 2019
Gr 9 moderering
FSS

30th Oktober 2019
Ons matrieks skryf Rekeningkunde
09:00

30th Oktober 2019
Tennis 2de S en D vs Curro (tuis)

30th Oktober 2019
Hokkie afsluiting en 'six-a-side' finaal
Astro-baan

31st Oktober 2019
SGOS AA ouervergadering 18:00

31st Oktober 2019
Ons matrieks skryf Afrikaans V1
09:00

31st Oktober 2019
Ons matrieks skryf Ekonomie V1
14:00

HULPBRONNE bygevoeg in die afgelope 7 dae

Skryfbehoeftes vir 2020 benodig gr 8,9

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5db150e88dc44596049658.pdf

Skryfbehoeftes vir 2020 benodig gr 10-12

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5db15109b4158824218357.pdf

Oktober 18 Nuusbrief

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5da84dea8e4a4823804050.pdf

Wil jy die nuus kry soos dit gebeur? Kliek hier om die lessenaar kommunikeerder af te laai.

Hoërskool Swartland